Ek is... Poortbode

26 Julie 2020

Efesiërs 1:23
"Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom, wat alles in almal vervul."

Teks: Ef. 3:14 - 21

Tema: Die liefde van die Heilige Gees.

Prediker: Ds. Johan de Wet

1. **VERJAARSDAE:** Baie geluk aan elke lidmaat wat vanaf 26 Julie - 1 Augustus verjaar. Mag jou spesiale dag vol vreugde, liefde en seën wees.

2. **GEBEDSVERSOEKE:** Ons bid vir elkeen wat siek, eensaam, moedeloos of bekommerd is. Ons dink veral aan Fanie en Marianne de Villiers: Fanie se moeder is oorlede. Mag die Here self elkeen vertroos en versterk.

3. **PASTORALE BESOEKE:** Indien jy besoek van een van ons predikante verlang, is jy baie welkom om hulle op hul selfone vir 'n afspraak te skakel.

4. **EREDIENS 2 Augustus 2020** Bespreek asseblief voor Saterdag 10:00 by 079 653 3357 om die 9:00 of 10:30 diens by te woon. Ons kom al die Covid-regulasies na. *Môre se 9:00-erediens sal sodra dit geredigeer is, per whatsapp uitgestuur word.*

5. NUWE LIDMATE:

Nuwe lidmate is welkom om die lidmaatskapvorm op ons webwerf:

www.hartiesng.org

af te laai, in te vul en aan Angie te stuur by:

kantoor@harties ng.org

of jy kan ook die vorm by haar aanvra.

Baie welkom aan ons nuwe lidmate:

a. Gerald Enright en kinders Gerald en Saria.
   Cannon Crescent 71, 082 464 0714
b. Bernabe en Ilzé-Mari Kloppers.
   Bougainvilla 262, 082 743 9350
c. Leon Saayman.
   Symphony Park 951, 082 458 2552

Ons glo julle deelwees van ons geloofsgemeenskap gaan vir julle net tot seën en vreugde wees.

6. Foto's van elke lidmaat:

Om ons lidmaatregister op te dateer, benodig ons 'n gesigsfoto (sommer met jou selfoon geneem) van elke lidmaat asseblief. Jy kan die foto gerus na: komm@hartiesng.org stuur, asseblief. Onthou net om jou doopnaam en van by die foto te plaas, asseblief.

Dankie aan elkeen wat verlede week op dié versoek reageer het.

7. DANVILLE:

Baie dankie aan elke lidmaat wat steeds help dat ons 60 gesinne van ‘n kospakkie kan voorsien. Bydraes kan per EFT gedoen word, met net duidelik as verwysing: **Danville.**

8. SOSIALE MEDIA:

Like us on Facebook

Besoek gerus ons FB-blaaie: **Harties NG Kerk** en **Harties NG Jeug** - lewer gerus kommentaar of lewer ‘n bydra.

9. KOLLEKTE/DANKOFFERS:

Ons het tans eredienste met beperkte getalle. Indien jy egter op “Youtube” na die diens kyk en steeds graag jou kollekte of dankoffer wil bydra, kan dit of elektronies oorgedra word of met Zapper gedoen word. Baie dankie - elke bydrae help om ons maandelikse uitgawes te kan dek.

EFT

NG Kerk Hartbeespoort
ABSA
Reknr: 0640 580 364
Takkode: 334-146
Verwysing: dankoffer

Zapper

Die gerieflike, veilige manier om jou maandelikse en/of weeklikse bydrae te doen. Laai die “zapper-app” op jou selfoon en skandeer net die kode hiernaas om die bydrae te maak.

10. HEILSMUUR: Op pad saam met Job: Waarom ek?

Ons wil hê dinge moet volgens plan verloop, want dit maak sin. As dinge verkeerd gaan wil ons verskonings soek.

Elifas, Job se vriend, sê in Job 4:7-8: " Dink daarroor na: het iemand ooit onskuldig ten gronde gegaan? Waar is regverdiges ooit uitgewis? vs8. Ek het ondervind: dié wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook."

Elifas, Bildad en Sofar, sy drie vriende, sê daar is geheime wat Job verberg... daarom sy probleme. (Bely jou sondes dan sal God jou vergewe.)

Job het egter geweet daar is geen geheime nie. Hy verdedig homself, maar tog wonder hy. Slegte dinge gebeur met slegte mense. Job erken ook dat goddeloses oud word en voorspoed beleef.(Job 21:7-13). Daar is talle "waaroms" wat ons nooit sal verstaan nie.

Here U ken die waaroms, daarom plaas ons, ons lewe op die altaar voor U. Deursoek en deurgrond ons, lei ons deur die Gees, laat U wil met ons geskied. AMEN!